# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 39 27 September 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

Beide eredienste word vandag deur Ds. Jan-Louis Lee gelei.

*Ons bid u die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 27 September**
**Oggend: Wyke 13 & 14**
*Oudle.* Gerhard Vermaak
Alwyn van der Walt
*Diakens:* Christiaan Oosthuizen
Riaan Reinecke
Otto de Vries
Theuns van Wyk

**Aand: Wyke 15 & 16**
*Oudl.:* Edward Swanepoel
Max Lange
*Diakens:* Louw Lemmer
Braam Smith



*"Kom laat ons jubel voor die Heer,*
*laat ons Hom toesing lof en eer –*
*die rots van heil wat ons oordek het."*
*Psalm 95:1 Berymd*

## TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 11 & 23 o.l.v. *Emzy Venter en Christine Agema* nooi almal hartlik uit om na die erediens saam te skink en drink.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Agv die skoolvakansie is daar geen program hierdie week nie.**

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm."*
*Ps 121:7*

*Donderdag 1 Oktober*
Marie Coetzer 082 463 1743
Roelof van Jaarsveld 071 422 7201

*Saterdag 3 Oktober*
Anne-Marie Coetzee 079 089 3551
Elrika Vermaak 066 226 8121

## MEELEWING

Vanoggend word die verbonskindjie van *Jacques 073 245 8307 en Alize 082 553 0192 Tredoux* gedoop. Hartlik geluk. Mag die God van wordende geslagte aan julle die wysheid, krag en genade verleen om *Morné,* saam met *Jacques* jnr. op te voed in ons Hemelse Vader se verbond. Ook geluk aan sy grootouers, Theuns en Susan Tredoux en die familie. Mag hy julle baie vreugde bring.

Harlik geluk aan *JP van Staden 064 651 3671 en Carissa de Klerk 061 080 5690 wat Saterdag 3 Oktober in die huwelik tree.* Mag die Here julle huwelik ryklik seën en mag julle 'n lang en gelukkige huwelik tegemoet gaan en mag dit tot seën van almal wees.

Hieronder is 'n berig van *Roe 072 125 0555 en An Venter 079 679 0002* wat verlede Saterdagnag in hulle huis aangeval is.

*"Ons is by seun Paul en Elja in Johannesburg, het weer selfone en kan dus kommunikeer.*
*Dit gaan elke dag bietjie beter, Roe het ligte harsingskudding opgedoen en gelukkig geen beenbreuke. Ons loof en prys en dank die Here vir Sy genadige beskermende hand. Dit kon soveel erger gewees het. Bid help verseker! Baie dankie vir al die boodskappe en oproepe wat ons ontvang het, dit werk heerlik versterkend. "*

Ons wil julle verseker dat ons steeds vir julle bid vir innerlike krag en sterkte.



*"Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding. 31Daarom, soos daar geskryf staan: "Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here." 1 Korintiërs 1:30 & 31*

## FEESGELD

Met groot dankbaarheid en vreugde maak ons bekend dat ons byna **R75 000** ingesamel het met ons onlangse fees. Baie dankie aan elkeen wat 'n inset gelewer het om die fees 'n groot sukses te maak.

## ATTESTATE

Ons heet die volgende lidmate hartlik welkom in ons gemeente.

*André 082 478 1823 en Wilma 071 277 0335 Vermaak* kom van Lytteltongemeente.

*Marthinus en Moira Hermann* het van Bethlehem na ons gekom.

*Ons vertrou dat julle gou tuis sal voel en gelukkig sal wees in ons gemeente.*

## BEROEPENUUS

**Beroep aanvaar**
Proponent MP (Petrus) Malindi na GK Phiritona (Heilbron)

Stigting van GK Phiritona (Heilbron)
en beroep van Proponent Petrus Malindi
Met groot dankbaarheid en blydskap teenoor onse Here, wie se trou geen einde ken nie (Klaagliedere 3:22–23), maak Klassis Oos-Vrystaat bekend dat amptelike erkenning gegee is aan die nuwe Gereformeerde Kerk Phiritona (Heilbron). Hierdie jong gemeente bestaan reeds uit 98 belydende lidmate en is 'n wonderlike getuienis van God se genade en voorsiening in ons midde.
Die gemeente het onlangs hul eerste predikant, proponent M.P. Malindi (Petrus), beroep, en hy het die beroep met 'n blye hart aanvaar. Hy sal tydens die dankfees-naweek—wat DV op 28 November 2026 plaasvind, bevestig word. Hy sal sy intreepreek lewer op DV Sondag 29 November 2026.
*Ons loof en prys die Naam van onse Here vir hierdie groot genade en roep al die sustersgemeentes op om hierdie nuwe gemeente en hulle herder in hul gebede te gedenk.*

## PROGRAM VIR OKTOBER

***8 Oktober*** :
18:00 Diakensvergadering
***9 – 11 Oktober*** : Gemeentekamp
***15 Oktober*** :
19:00 Breë Kerkraadvergadering
***17 Oktober:*** Seniors se Lentefunksie
***18 Oktober***: Jong Lote Toerusting
***25 Oktober:*** Hervormingsdag



## BYBELSE INTIMITEIT: LEWENSLANK EN TOEGEWYD

*Hooglied 5:10-16*

Losbandigheid maak intimiteit goedkoop. Geen toewyding nie. Geen verbintenis nie. Geen verhouding nie. Dit terwyl daar soveel meer dimensies is aan ons menswees.

Oordrewe preutsheid heg weer 'n te duur prys aan iets wat God as 'n gawe gegee het. Om lewenslank toegewyd te wees, is iets heel anders as kortstondige genieting. Lewenslange toewyding beteken om 'n student te bly van jou lewensmaat. En om God se beeld in hulle te sien deur verskeie lewensfases.

Hoe kyk jy en ek na ons lewensmaats? Hoe is my huwelik 'n beeld van Jesus en sy kerk? Toewyding kom deur vertroue en geduld. Dit kom deur keuses van liefde en gehoorsaamheid. Om iemand te sien vir wie hulle is deur geloof, deur hoop en deur liefde – dit beskerm ons intimiteit. Soos wat koue die afwesigheid is van hitte, so is oordrewe preutsheid die afwesigheid van Bybelse intimiteit.



Wat ons werklik nodig het, is God se hart vir ons huwelike. Ons behoeftes is deel van God se ontwerp. Maar hoe ons uiting gee daaraan, ontbloot ons gesindheid voor die Here.

God het skoonheid en liefde geskep. Dit is ons keuse om dit in gehoorsaamheid te geniet.

*WM van der Waal (Willem) (Linden)*

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Al sou die vyeboom nie bot nie*
*en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie,*
*al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie,*
*al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees,*
*nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.*
*Die Here my God gee vir my krag.*
*Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*

*Habakuk 3:17-19*

## SNIPPERS




*Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, en wel op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die "Sorg Met Eer" projek vir ons emeriti. Skakel of Whatsapp vir Riekie by* ***082-586 9167*** *en bespreek u kaartjies.*



## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan